VAK EN GRAAD	Afrikaans Eerste Addisionele Taal Graad 10
KW 2	Week 2
ONDERWERP	Taalstrukture: Woordvorming (morfologie)
Inleiding	*In Morfologie (Woordvorming) moet jy die volgende begrippe ken: stamme / basisvorme simplekse en komplekse, voorvoegsels (prefixes) en agtervoegsels (suffixes), samestellings en samestellende afleidings, kern en bepaler en verbindingsklanke.*
INHOUD (KONSEPTE EN VAARDIGHEDE)	• *Stamme/Basisvorme: kleinste woorddeel waarvan die betekenis in `n woordeboek opgeteken is. Dit kan alleen staan en het betekenis. Bv. In die woord* ***tafeltjie*** *is die klank- e n lettergrepe ta-fel-tjie, maar nie een van die dele dra betekenis nie. Wanneer ons die woord in woorddele verdeel, bv. tafel +tjie, dui* ***tafel****- op `n bekende voorwerp en -tjie op die verkleiningsvorm, met ander woorde* ***tafel*** *is die basisvorm/stam. Voorbeelde:* ***beloon, leerder, onthoof, dames.*** • *'n* ***Simpleks:*** *is 'n woord wat uit slegs een stam/basis bestaan, en nie verder in betekenisvolle dele opgedeel kan word nie. Voorbeelde:* ***water, pampoen, botter, skilpad.*** • *'n* ***Kompleks:*** is 'n woord wat uit meer as een woorddeel bestaan soos afleidings, samestellings en samestellende afleidings, en wel verder in betekenisvolle dele verdeel kan word, bv. *dans + vloer =* ***dansvloer****, boek + klub =* ***boekklub,*** • ***`n Voorvoegsel (prefix):*** *Dit is 'n woorddeel wat* ***voor*** *aan 'n stam of 'n ander woorddeel gevoeg word. Voorbeelde: ons het dadelik met die lawaai in die klas (stop). Antw.* ***gestop****. Jy moet jou werk gereeld (haal) voor `n toets. Antw.* ***herhaal.*** *Die meisie kan glad nie (hou) waar sy haar biblioteekboek gelos het nie. Antw.* ***onthou*** • ***Agtervoegsel (suffixes)****: Dit is 'n woorddeel wat* ***agter*** *aan 'n stam of 'n ander woorddeel gevoeg word. Voorbeelde: Jy moet die werk (kort) vir die eksamen opsom. Antw. kortliks. Daar was orals (vrolik) op die speelgrond. Antw.* ***vrolikheid****. Die (leer) se werk is puik. Antw.* ***leerder***

wan- -baar	*sleg of verkeerd wat gedoen (kan)*	*wangedrag, wanhoop breekbaar,*

-skap *toestand beterskap*

- ***Onthou:*** *Moenie die betekenis van die hele woord gee wanneer jy die morfeem (voor-of agtervoegsel) se betekenis moet aandui nie - gee slegs die morfeem (voor-of agtervoegsel) se betekenis binne die spesifieke woord.*

- ***Hoe kan vrae oor Afleidings in 'n eksamen gestel word?***
  1. *Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies: Die (sag) geluid in hul kele…*
  2. *Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies. Skryf slegs die woord as jou antwoord neer:*
     Om te rook is `n slegte gewoonte, maar vir `n sjimpansee nog (sleg).
  3. *Gee die KORREKTE VORM van die woord.*
     Daar is niks ergers as `n (ongemanierd)mens aan tafel nie.

- *'n **Samestelling**: bestaan uit twee of meer stamme. Voorbeelde: Ons kinders gaan in tente onder die (maan+lig) slaap. Antw: **maanlig.** Ons woon in die (hoof+straat) van George**. Antw: hoofstraat.** As ons woorde aanmekaar skryf soos by samestellings word daar soms ('n) letter(s) in die middel gevoeg, die verbindingsklank.*

  - ***Vrae oor samestellings word gewoonlik op die volgende manier gestel:***
    1. *Vorm `n SAMESTELLING van die onderstaande woorde tussen hakies.*
       *Crégan het die beeldjie van die **(spieël + tafel)** afgestamp.*
       *Dit is nou die seun se **(eet + tyd).***
    2. *Gee die SAMESTELLING van die woord tussen hakies.*
       *Chad le Clos deel sy **(lewe + les)**.*
       Die (liggaam + temperatuur) word d.m.v die aanhangsels gereguleer.

	• ***'n Verbindingsklank:*** *is nie `n morfeem of woorddeel nie, maar word tussen twee stamme gevoeg om die uitspraak te vergemaklik en 'n nuwe woord te vorm* **. Voorbeelde:** *(-e-) student + e + nommer = studentenommer* *(-en-) wa + en + huis = waenhuis* *(-ens-) nooi + ens + van = nooiensvan* *(-s-) seun + s + hemp = seunshemp* *(-er-) kind + er + kamer = kinderkamer* • ***Kern****: is die laaste deel /die "hoofgedagte" van `n samestelling (bv. geskiedenis**boek,** tafel**doek.*** • ***Bepaler:*** *is die* eerste deel van samestelling (bv. **geskiedenis**boek; **naslaan**boek) • *'n* ***Samestellende afleiding*** *bestaan uit 2 of meer stamme +* ***voorvoegsel*** *en/ of* ***agtervoegsel*** *(bv. beplanningsvergadering = be+plan+ing+s+vergader+ing {s = verbindingsklank}; feeswenke = fees+ wenk+e).*
AKTIWITEITE/ ASSESSERING	***Beantwoord die onderstaande vrae in jou werkboek. Probeer dit eers self beantwoord voordat jy die memorandum raadpleeg. Jy mag ook 'n lid van jou gesin vra om jou antwoorde te toets.*** *Skryf slegs die KORREKTE antwoord neer.* 1. *Wat is die betekenis van die voorvoegsel in* ***televisie****?* a. *kyk* b. *onder* c. *ver* d. *na* 2. *Skryf die stam van* ***enkeling*** *neer****.*** a. *ene* b. *eenders* c. *enkel* d. *een* 3. *Is die woord* ***storieboek*** *'n voorbeeld van 'n* a. *samestelling?* b. *afleiding?* c. *samestellende afleiding?* d. *simpleks?*

	4. *Wat is die funksie van die onderstreepte klank in die woord dier**e**tuin?* a. *kern* b. *meervoud* c. *verbindingsklank* d. *bepaler* 5. *Vorm `n samestelling van **meisie + skool*** ***a.** skoolmeisie* *b. meisieskool* *c. meisiesskool* *d. meisieskole*
Bronne	Raadpleeg die gedeelte oor ***woordvorming (morfologie)*** in jou taalhandboek en doen die vasleggingsoefeninge wat daarin voorkom.
Memorandum van assesseringsaktiwiteit	1. *ver* 2. *een* 3. *samestelling* 4. *verbindingsklank* 5. *meisieskool*